

Vertrou op die Here

So gevaarlik wanneer 'n mens in jou leefwyse verhard en God nie meer hoor nie. Israel het die klaagsang-vermanings van die profete nie meer gehoor nie. *Hou op met die afgode van die land! Besef julle nie hoe groot en uniek God is nie?*

As mens afgestomp raak, verstaan jy naderhand ook nie meer hoe sy liefde ons wil herstel tot 'n nuwe, sinvolle lewe nie. Ongeloof en vertwyfeling stomp ons af vir die Here wat wil verlos. Hoor die Here: *Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Waarom het niemand geantwoord toe Ek geroep het nie? Is Ek nie in staat om te verlos nie, het Ek nie die krag om te red nie?* (vs 2).

As jy nie hoop dat God jou verlos nie, is jou toekoms donker. So het Israel God verwyt dat Hy die verhouding met hulle verbreek het. Dit was omdat die Here hulle in ballingskap laat wegvoer het. In hulle gedagtes het God sy vrou – die kerk – geskei. Sy volk kon nie meer iets van Hom verwag nie.

Nou wys die Here op sy liefdesband met hulle wat hy tug. Hulle sou nie 'n skeibrief kon wys nie – die Here het nog nie sy verhouding met hulle verbreek nie. Die oorsaak van die ballingskap lê in die volk se sondes: *Nee, dit is oor julle sondes dat julle verkoop is, oor julle oortredings dat Ek van julle geskei het.* Was hulle sondetoestand so hopeloos? Was daar dan geen hoop toe hulle deur die profete gestriem is nie? En is daar nog hoop vir die toekoms? Hierop antwoord die Here: *Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Waarom het niemand geantwoord toe Ek geroep het nie?*

En die toekoms? Die Here voorsien 'n Dienaar wat vir moedeloses hoop bring. Hy sal selfs ly ter wille van sy boodskap van hoop, sy boodskap wat Hy gretig van sy Vader indrink (vs 4-6). Die boodskap hou in dat God se kinders vrygespreek en nie meer aangekla kan word nie (vs 8-9).

Wat moet ons doen? Vertrou op die Here! (vs 10).

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 5

Ds PA Odendaal (Harrismith/QwaQwa)